SWELLENDAM MUNICIPALITY

BESPROEIINGSWATER VERORDENING

Om die voorsiening van besproeiingswater in die stedelike gebiede van die area van jurisdiksie van die Munisipaliteit te reguleer en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou voorsiening te maak;

AANHEF

AANGESIEN artikel 156 (2) en (5) van die Grondwet bepaal dat 'n munisipaliteit verordeninge mag uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer, en enige bevoegdheid uit te oefen met betrekking tot 'n aangeleentheid wat redelikerwys nodig is vir, of verband hou met die doeltreffende verrigting van sy funksies;

EN NADEMAAL Artikle 152 (1) (d) van die Grondwet bepaal dat plaaslike regering `n veilige en gesonde omgewing moet bevorder;

EN NADEMAAL die Swellendam Munisipaliteit poog om die voorsiening van leiwater vir nie huishoudelike-, tuinmaak- en ander verwante doeleindes, in die stedelike gebiede, te reguleer;

VERORDEN die Swellendam Munisipale Raad soos volg:—

INHOUDSOPGAWE

1. Interpretasie
2. Toekenning van bespoeiingswater
3. Fooie en tariewe
4. Oordrag van besproeiingswater toekennings
5. Verspreiding van besproeiingswater en die beheer van besproeiingswater deur sluisstelsels
6. Verskaffing van kennisgewings en rekeninge
7. Ongemagtigde gebruik van besproeiingswater of inmenging in die besproeiingswater verspreidingstelsels
8. Instandhouding van besproeiingswater verspreidingstelsels
9. Onwettige ontrekking van water
10. Appèlle
11. Bediening van kennisgewings en ander dokumente
12. Strafbepalings
13. Teenstrydighede met ander wetgewing
14. Herroeping van verordeninge
15. Kort titel en inwerkingtreding

1. INTERPRETASIE

In hierdie verordening, geniet die Engelse teks voorrang in die geval van teenstrydigheid met die Afrikaanse teks, en beteken –

"beskikbare water", water wat beskikbaar word uit `n waterbron, vir gebruik of toekenning aan `n eindgebruiker;

"besproeiingswater skedule", die tydskedules, uitgedruk in dae en ure, in terme waarvan besproeiingswater toegeken word aan individuele persele, wat deur besproeiingswater verspreidingstelsel gediens word;

"besproeiingswater verspreidingstelsel", die netwerk van damme, retensiedamme, uitkeerstrukture vir besproeiingswater, waterlope, kanale, duikslote, syslote en slote, wat op openbare plekke, openbare paaie, die munisipale meent of privaat grond geleë is, wat eksklusief vir die verspreiding van besproeiingswater na spesifieke persele gebruik word;

"bulkwater kostes", die koste van water voor die suiwering daarvan vir gebruik as drinkwater, en sluit in, maar is nie beperk tot, die fooie vir opvangbestuursgebied agentskappe, die kostes van bulkwater, bydraes tot nasionale waterwerke, watergebruikerheffings en lisensiefooie;
"die diens", besproeiingswaterdiens;
"diensverskaffer", enige instelling of entiteit of groepering van persone, met wie die Munisipaliteit `n diensleweringooreenkoms aangegaan het, om □ spesifieke diens te lewer;
"drinkbare water", water wat gesuiwer en skoongemaak word in terme van SANS-spesifikasies en vereistes, om as drinkwater gebruik te kan word;
"duiksloot", kanaal of geleikanaal wat water oor of onderdeur pad neem;
"eienaar van perseel", met betrekking tot die eienaarskap van enige perseel, enige persoon, wat as eienaar, wettige huurder of okkupeerder perseel of gedeelte grond bewoon, of gebruik en / of benut vir watter doeleindes ook al, of as agent namens die eienaar oor sodanige perseel beheer uitoefen;
"ge-allokeerde besproeiingswater", beskikbare water vanuit `n waterbron, wat deur die Munisipaliteit toegeken word om as besproeiingswater gebruik te word;
"gebruiker" die eienaar wat aansoek doen vir leiwater en wie se naam aangeteken word op die register om te kwalifiseer vir leiwater vir `n spesifieke finansiële jaar en het die woord **"gebruikers"** dieselfde betekenis;
"gemagtigde beampte", enige vredesbeampte gemagtig ingevolge artikel 334 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No 51 van 1977), soos gewysig of enige beampte van die Munisipaliteit wat gemagtig is deur die Munisipaliteit, om die bepalings van hierdie verordening af te dwing;
"**Munisipaliteit**" beteken die Swellendam Munisipaliteit ingestel ingevolge Artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, 1998 (117 van 1998), en sluit alle politieke strukture, politieke ampsdraers, raadslede, behoorlik gemagtigde agente of alle werknemers in wat ingevolge hierdie verordening optree uit hoofde van 'n bevoegdheid wat by die Munisipaliteit berus en aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, agent of werknemer gedelegeer of gesubdelegeer is;
"munisipale serwituut", □ geregistreerde reg oor □ perseel, met die doel om die gereserveerde gedeelte aan te wend vir die installasie van munisipale dienste;
"perseel", enige gedeelte grond geleë binne die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit, waarvan die buitegrense afgebakenis op `n algemene plan of diagram of deeltitelplan, en wat ingevolge die toepaslike wetgewing geregistreer is;
"okkupeerder", `n persoon wat grond of `n perseel okkupeer en beheer daaroor het, wat insluit `n bewoner;
"siviele ingenieurs- en konstruksiespesifikasies en standaarde", die siviele ingenieurs en konstruksiespesifikasies en –standaarde, wat vasgestel word vir alle siviele ingenieurs konstruksiewerk in die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit;
"sluis", `n skuifsluis of ander toestel, wat gebruik word om die volume of vloei van water te beheer;
"toegelate watergebruik", soos bedoel in Skedule 1 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No 36 van 1998), soos gewysig;
"water", water wat vir besproeiingsdoeleindes deur `n besproeiingswater verspreidingstelsel na persele versprei word;
"waterbron", `n natuurlike waterbron, soos `n fontein, akwafeer, meer of rivier, vanwaar water onttrek kan word;
"watergebruikersvereniging", `n vereniging ingestel ingevolge Hoofstuk 8 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No 36 van 1998), soos gewysig; en
"waterregte", `n gevestigde en geregistreerde reg tot die gebruik van water vanuit `n spesifieke waterbron.

2. TOEKENNING VAN BESPROEIINGSWATER

(1) Die Munisipaliteit as verspreider van drinkwater en ander water, mag beskikbare water van enige spesifieke waterbron binne die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit, vir gebruik as besproeiingswater toeken, indien sodanige water nie toegeken is en / of gebruik word –
(a) vir menslike gebruik nie;
(b) vir industriële en kommersiële gebruik nie;
(c) as toegelate watergebruik deur eienaars en / of okkupeerders van perseel wat grens aan `n waterbron, of waar die waterbron op die betrokke eiendom geleë is nie;
(d) deur grondeienaars wat oor waterregte vir die gebruik van water uit `n spesifieke waterbron beskik; en
(e) in terme van `n watergebruiklisensie, wat spesifieke watergebruik deur die lisensiehouer uit `n waterbron magtig.
(2) Besproeiingswater sal slegs voorsien word aan areas, waar `n besproeiingswater verspreidingstelsel beskikbaar en operasioneel is vir dieverspreiding van besproeiingswater, en slegs eienaars en okkupeerders van persele met toegang tot sodanige besproeiingswater verspreidingstelsel, mag aansoek doen vir `n besproeiingswatertoekenning.
(3) Alle eienaars of okkupeerders van persele, wat toegang tot `n besproeiingswater verspreidingstelsel het, of aan wie besproeiingswater verskaf kan word vir doeleindes van besproeiing, sal jaarliks gedurende die maande van April en Mei, vir `n besproeiingswatertoekenning vir `n jaarperiode, op die voorgeskrewe aansoek vorm, aansoek kan doen.
(4) `n Register word by die Munisipaliteit gehou wat die besonderhede van die gebruikers bevat wat die voorgeskrewe fooi vir die bepaalde jaar betaal het en wat die reg op besproeiingswater vir die betrokke finansiële jaar bevestig.
(5) Die toekenning van besproeiingswater aan applikante sal voorwaardelik wees, en sal onderhewig wees aan die volgende voorwaardes –
(a) die beskikbaarheid van surplus water vir gebruik as besproeiingswater, word gebaseer op die rangorde van voorkeurgebruikers vanuit `n waterbron, soos voorsien in subartikel 2(1) van hierdie verordening, en wanneer geen surplus water vir besproeiingsdoeleindes beskikbaar is nie, kan die Munisipaliteit `n diens vir die voorsiening van besproeiingswater staak;
(b) persele met waterregte, sal met enige toekennings eerste voorkeur geniet;
(c) die Munisipaliteit mag van tyd tot tyd die voorwaardes bepaal vir die voorsiening van besproeiingswater; en
(d) die Munisipaliteit mag die voorsiening van besproeiingswater vir periodes stop, om dringende herstelwerke aan `n besproeiingswater verspreidingstelsel uit te voer.
(5) Elk perseel waaraan besproeiingswater ge-allokeer word, sal besproeiingswater ontvang op `n gespesifiseerde dag en uur, in ooreenstemming met die grootte van □ perseel, die besproeiingswater allokasie aan die betrokke perseel en die ligging daarvan in die besproeiingswater verspreidingstelsel.

3. FOOIE EN TARIEWE

(1) Die Munisipaliteit sal gemagtig wees om fooie en tariewe vir die verskaffing aan en gebruik van besproeiingswater deur die gebruikers van sodanige besproeiingswater, ingevolge die Tariewe Verordening van die Munisipaliteit, te hef.
(2) Die fooie en tariewe mag sodanig gestruktureer wees, dat dit die kostes vir bulkwater heffings, die kostes vir die instandhouding van `n besproeiingswater verspreidingstelsel wat primêr vir die verspreiding van besproeiingswater gebruik word, geleë op of in openbare plekke, openbare paaie, die munisipale meent
of privaat grond, en die kostes vir die verskaffing van besproeiingswater aan `n perseel dek.
(3) Die gebruiker is verantwoordelik vir die betaling van die fooie vir die gebruik van leiwater.
(4) Die gebruiker moet, op die datum van aansoek, die voorgeskrewe fooi vir die spesifieke jaar, betaal by die Munisipale kantoor, ten opsigte van die toekenning van leiwater vir daardie finansiële jaar.
(5) Geen leiwater sal aan `n gebruiker voorsien word wat nie die voorgeskrewe fooi betaal het nie en wie se naam nie in die register aangeteken is nie.

(6) Indien die eienaar of okkupeerder van `n perseel met waterregte vir besproeiingswater, die ontvangs van beskikbare besproeiingswater vir sodanige perseel van die hand wys, sal die eienaar of okkupeerder van sodanige perseel nog steeds aanspreeklik wees vir die betaling van die toepaslike fooie en tariewe, of enige ander beskikbaarheidsfooi of –tarief, soos wat deur die Munisipaliteit vasgestel word.

4. OORDRAG VAN BESPROEIINGSWATER TOEKENNINGS

Geen persoon mag sy of haar toekenning van besproeiingswater, wat ingevolge `n waterreg en / of `n toelaatbare gebruik en / of `n gewone toekenning na aanleiding van `n aansoek vir besproeiingswater, vanaf die Munisipaliteit verkry word, aan `n ander persoon oordra of verkoop of toelaat dat dit verkoop of gebruik word nie.

5. VERSPREIDING VAN BESPROEIIGSWATER EN DIE BEHEER VAN BESPROEIINGSWATER DEUR SLUISSTELSELS

(1) Besproeiingswater sal deur die Munisipaliteit of `n diensverskaffer, deur middel van `n stelsel van besproeiingsdamme, besproeiingswater retensiedamme, strukture vir die uitkeer van besproeiingswater, waterlope, besproeiingskanale, duikslote, sluise, besproeiingswater syslote en besproeiingswaterslote, Versprei word aan persele.

(2) `n Besproeiingswater verspreidingstelsel sal bestaan uit `n netwerk van damme, retensiedamme, strukture vir die uitkeer van besproeiingswater, waterlope, besproeiingskanale, duikslote, sluise, syslote en slote, wat vir die verspreiding van besproeiingswater gebruik word, geleë op of in openbare plekke, openbare paaie, die munisipale meent of privaat grond,

(3) Indien enige gedeelte van `n besproeiingswater verspreidingstelsel op privaat grond geleë is, mag die Munisipaliteit vir doeleindes van die besproeiingswater verspreidingstelsel, `n munisipale serwituut oor sodanige eiendom registreer.

(4) Die eienaar of okkupeerder van □ perseel, wat `n toekenning vir besproeiingswater ontvang het, sal besproeiingswater deur middel van `n sluisstelsel, wat deur die Munisipaliteit goedgekeur moet wees, van `n besproeiingskanaal of –sloot naaste aan die betrokke perseel uitkeer, en die Munisipaliteit mag by versuim van `n eienaar of okkupeerder om `n behoorlike sluisstelsel te konstrueer en te onderhou, sodanige sluisstelsel namens en op koste van die betrokke persoon konstrueer en onderhou, of mag alternatiewelik die verskaffing van besproeiingswater aan sodanige perseel weier.

(5) Die Munisipaliteit sal die aantal toelaatbare uitkeersluise vir `n perseel bepaal, wat die eienaar of okkupeerder van `n perseel dan mag konstrueer.

(6) Die Munisipaliteit mag `n ooreenkoms aangaan met enige watergebruikersvereniging of enige ander instelling of `n groep grondeienaars, om enige besproeiingswaterverspreidingstelsel te bestuur en in stand te hou.

6. VERSKAFFING VAN KENNISGEWINGS EN REKENINGE

(1) Die Munisipaliteit sal aan elke eienaar of okkupeerder van `n perseel, `n kennisgewing en rekening verskaf, wat die verskuldigde bedrag vir besproeiingswater, die dag en uur in elke week wat besproeiingswater vir die betrokke perseel uit die besproeiingswater verspreidingstelsel onttrek kan word, en die volume water wat onttrek mag word aandui, uitgedruk in die verkose indikator van meting vir `n spesifieke besproeiingswater verspreidingskema.

(2) Die kennisgewing en rekening soos voorsien in subartikel 6(1) van hierdie verordening, mag as `n gesamentlike dokument, of as `n aparte kennisgewing en rekening gelewer word, of enige variasie daarvan.

7. ONGEMAGTIGDE GEBRUIK VAN BESPROEIINGSWATER OF INMENGING IN DIE BESPROEIINGSWATER VERSPREIDINGSTELSELS

(1) Enige ongemagtigde persoon wat met enige munisipale of privaat watersluis peuter of inmeng, of op enige wyse die vloei van besproeiingswater verhinder, of besproeiingswater

onwettig afkeer, of wat `n gemagtigde beampte of ander persoon wat getaak is met die toesig en instandhouding van watersluise en die besproeiingswater verspreidingstelsels verhinder in sy of haar pligte, begaan `n oortreding.
(2) `n Persoon wat nie die reg tot gebruik van besproeiingswater verkry het nie, of aan wie nie `n toekenning vir besproeiingswater ge-allokeer was nie, mag nie enige water uitkeer van `n besproeiingswater verspreidingstelsel nie, of op enige wyse die vloei van water in enige waterloop, besproeiingskanaal of besproeiingsloot verhoed of verminder nie.
(3) `n Gemagtigde beampte sal die reg van toegang tot `n perseel hê, om sluise en die besproeiingswater verspreidingstelsel te inspekteer, om die wettigheid van watergebruik te bepaal en / of om enige moontlike oortredings te ondersoek.

8. INSTANDHOUDING VAN BESPROEIINGSWATER VERSPREIDINGSTELSELS

(1) Die Munisipaliteit sal binne die beperking van begrotingvoorsienings -
(a) die damme, retensiedamme, uitkeerstrukture vir besproeiingswater, waterlope, kanale, duikslote, syslote en slote, wat op openbare plekke, openbare paaie, die munisipale meent of privaat grond in die area van jurisdiksie van die Munisipaliteit geleë is, en wat deur die Munisipaliteit bestuur word, in stand hou; en
(b) poog om onderworpe aan die beskikbaarheid van water, ingevolge `n voorafbepaalde besproeiingswaterskedule, besproeiingswater in terme van die beplande hoeveelhede, deur middel van die beskikbare besproeiingswater verspreidingstelsel aan persele te verskaf.
(2) Die eienaar of okkupeerder van `n perseel wat besproeiingswater ontvang, sal verantwoordelik en aanspreeklik wees vir –
(a) Die instandhouding van alle sluise, slote en duikslote op sy of haar perseel, wat vir besproeiingswater gebruik word, en sodanige eienaar of okkupeerder van `n perseel sal geen eis teen die Munisipaliteit hê vir die nie ontvangs van besproeiingswater, weens enige versuim van sodanige persoon om sluise, slote en duikslote in stand te hou;
(b) enige skade aan sluise, slote en duikslote wat vir besproeiingswater op sy of haar perseel gebruik word;
(c) enige vermorsing van besproeiingswater;
(d) die behoorlike afsluiting van sluise, maar sal nie toegelaat word om enige sluis met grond of soortgelyke materiaal af te sluit nie; en
(e) die skoonhou van besproeiingslote, insluitend die walle en kante van sodanige slote op sy of haar perseel, van obstruksies en van struike, onkruid of plantegroei.
(3) Die eienaar of okkupeerder van `n perseel sal met skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, toegelaat word om –
(a) besproeiingslote wat deel vorm van `n besproeiingswater verspreidingstelsel, op sodanige perseel te voorsien van `n sementvoering, met dien verstande dat die konstruksiewerk ingevolge die siviele ingenieurs en konstruksiespesifikasies en –standaarde van die Munisipaliteit uitgevoer word;
(b) op sodanige perseel `n gebou of stoep oor `n besproeiingsloot te bou, om `n besproeiingsloot in te kamp, of om `n dam in `n besproeiingsloot te bou; en
(c) op sodanige perseel indien benodig, voertuig- of voetgangerbrue oor `n besproeiingsloot, ingevolge spesifikasie deur die Munisipaliteit verskaf te bou.
(4) Die eienaar of okkupeerder van `n perseel wat versuim om te voldoen aan die bepalings van subartikel 8(2) van hierdie verordening, sal skuldig wees aan `n oortreding en aanspreeklik wees vir enige kostes deur die Munisipaliteit aangegaan om `n versuim reg te stel.

9. ONWETTIGE ONTREKKING VAN WATER

Indien die eienaar of okkupeerder van □ perseel, enige besproeiingswater deur middel van `n geïnstalleerde pomp of ander apparaat of pyp vir die uitkeer van water, vanuit `n besproeiingsloot, besproeiingskanaal of waterloop onttrek, wat nie aan sodanige perseel toegeken is nie of bespoeiingswater onttrek op `n tydstip wat nie aan sodanige perseel toegeken is nie, mag die eienaar of okkupeerder van sodanige perseel gelas word om

sodanige pomp, apparaat of pyp te verwyder, en sal sodanige handeling geag word om `n oortreding van die bepalings van hierdie verordening te wees.

10. APPÈLLE

`n Persoon wie verontreg voel oor `n besluit geneem deur die Munisipaliteit ingevolge enige gedelegeerde magte, mag in terme van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig, teen sodanige besluit appèlleer.

11. BEDIENING VAN KENNISGEWINGS EN ANDER DOKUMENTE

(1) `n Kennisgewing, bevel, aanskrywing, of ander dokument wat ingevolge hierdie verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word, word geag behoorlik uitgereik te wees indien `n beampte wat deur die Munisipaliteit gemagtig is, dit onderteken het.

(2) Wanneer dit nodig is om enige gemagtigde kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument te bedien op `n persoon ingevolge hierdie verordening, word dit geag effektief en na behore aan sodanige persoon beteken te wees –

(a) wanneer dit per epos, aan die persoon se epos adres, soos op die munisipale stelsel aangeteken, per epos versend is;

(b) wanneer dit persoonlik aan die persoon afgelewer is;

(c) wanneer dit by die persoon se plek van inwoning of besigheid in die Republiek van Suid-Afrika gelaat is, by `n persoon wat duidelik ouer as sestien jaar is;

(d) wanneer dit gepos is per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan die persoon se laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek van Suid-Afrika, en `n erkenning van die versending verskaf word;

(e) indien die persoon se adres in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit aan die persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek van Suid-Afrika bedien is op so `n manier, soos in subartikels 11(1)(a), 11(1)(b) of 11(1)(c) van hierdie verordening bepaal;

(f) indien die persoon se adres en agent in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit opsigtelik vertoon word op die vaste eiendom of perseel, waarop dit betrekking het; of

(g) in die geval van `n bestuursliggaam, wanneer dit by die geregistreerde kantoor of die sakeperseel van sodanige bestuursliggaam afgelewer word.

(3) Wanneer enige kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument aan `n persoon ingevolge hierdie verordening bedien moet word, is dit nie nodig om dit by name te noem nie, maar sal dit voldoende wees as die persoon daarin beskryf word as die eienaar, bewoner of houer van sodanige vaste eiendom of ander reg, wat ook al die geval mag wees.

(4) `n Bevel, kennisgewing of ander dokument wat waarmerking vereis moet behoorlik deur die Munisipaliteit onderteken wees.

12. STRAFBEPALINGS

(1) `n Persoon wat enige bepaling van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen of versuim om te voldoen aan `n instruksie uitgereik deur `n gemagtigde beampte ingevolge hierdie verordening, of `n instruksie aangebring op `n kennisgewingbord, begaan `n oortreding en kan by skuldigbevinding –

(a) `n boete of gevangenisstraf opgelê word, of gevangenisstraf sonder die keuse van `n boete, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf opgelê word;

(b) in die geval van `n voortgesette misdryf, `n bykomende boete of `n bykomende tydperk van gevangenisstraf of sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die opsie van `n boete of beide sodanige bykomende boete of gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur, opgelê word; en

(c) `n verdere bedrag as kostebevel opgelê word, gelykstaande aan enige kostes en / of uitgawes wat die Hof bevind deur die Munisipaliteit aangaan was, as gevolg van sodanige oortreding.

(4) Die Munisipaliteit sal die reg hê om die verskaffing van besproeiingswater aan enige perseel, vir `n periode wat nie een (1) kalenderjaar sal oorskry nie, te staak, indien enige oortreding van bepalings van hierdie verordening voorkom.

13. Teenstrydigheid met ander wetgewing

(1) In die geval van teenstrydigheid tussen enige bepaling van hierdie Verordening en Nasionale- en Provinsiale wetgewing, standaarde, beleid of riglyne, sal sodanige Nasionale- en Provinsiale wetgewing, standaarde, beleid of riglyne voorrang geniet onderhewig aan artikels 151(3) en 156(4) van die Grondwet.

(2) In die geval van enige teenstrydigheid tussen verskillende vertalings geld die Engelse teks.

14. Herroeping van verordeninge

Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die Munisipaliteit of deur enigeen van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die Munisipaliteit geïnkorporeer is, afgekondig is, word hiermee herroep insoverre hulle betrekking het op sake waarvoor daar in hierdie Verordening voorsiening gemaak word.

15. Kort titel en inwerkingtreding

Hierdie Verordening is die Swellendam Munisipale Verordening insake Besproeiingswater en tree in werking op die datum van publikasie in die Provinsiale Koerant.